**SONDAG 29 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 38:7-13; 39:15-18**
**FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 39:18 (OAV)**

## Ebed-Melek – die slaaf wat op die Koning vertrou

Die wyse waarop die Here die uitkoms vir sy kinders beskik, laat 'n mens enersyds soms verstom staan. Andersyds, die werk wat ons in diens van die Here verrig, moet liewer nie deur mense gesien word nie, maar God merk dit gunstig op.

In die uitvoering van sy Goddelike opdrag het Jeremia gehaat onder die leiers in Jerusalem geword. As die leiers by koning Sedekia oor Jeremia kom kla, laat hy hom in hulle hande oor. Hulle wil Jeremia doodmaak, maar hulle meen 'n vinnige dood sal te genadig wees. Daarom laat hulle hom in 'n put afsak waarin daar nog net modder is, sodat hy stadig van ontbering kan sterf.

Ebed-Melek, die slaaf van die koning en 'n man van heidense afkoms, het sonder dat selfs Jeremia geweet het, sy vertroue in God gestel. Deur die prediking van Jeremia het die Heilige Gees hierdie slaaf bekeer. Omdat hy God nou ken, het hy geweet dat wat met die bejaarde Jeremia gedoen is, nie reg is nie. Te midde van die gevaar dat hy dieselfde lot as Jeremia sal oorkom, bekla hy Jeremia se lot by die koning. Met toestemming van die koning het Ebed-Melek vir Jeremia met deernis en sorg uit die put gered. Jeremia het nie verwag dat hierdie Kussiet – die slaaf van koning Sedekia – ook slaaf van die Koning van die hemel was nie.

Ebed-Melek het eintlik maar net gedoen wat hy geleer het reg is in die oë van die Here. Daarom het hy Jeremia gered, alhoewel hy geweet het wat met hom kon gebeur. Sy eie lewe was vir hom minder belangrik as Jeremia s'n.

In Ebed-Melek sien ons waarvan Jesus gepraat het. 'n Goeie boom word aan sy vrugte geken. As slaaf het Ebed-Melek net gedoen wat hy moes, en God laat dit nie verbygaan nie. Ebed-Melek was bereid om sy lewe te verloor ter wille van die reg van God, en daardeur het hy sy lewe behou.

Mag die Heilige Gees ons gewillig maak om vandag ook 'n slaaf van ons Koning te wees vir iemand anders – in die voetspore van dié Slaaf van die Koning – Jesus.

*Sing: Psalm 116:8, 9 (1936)*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*